



OM CHRISTUS IN JOU TE HÊ



Pastoor Alamo het mense gedoop in die Stille Oseaan gedoop van vroegoggend tot sonder.

Foto's: 1971

deur Tony Alamo

Hoe meer ons JESUS leer ken, hoe meer sal ons weet dat Hy meer as genoeg is. As ons CHRISTUS volg, gaan ons in ander lewe hê as wat die wêreld vir ons vertel. Die teenkating wat ons kry, is ons ereteken.

Om JESUS te sien, is om die VADER te sien.¹ “Toe sê Filippus vir Hom: ‘Here, toon ons die Vader, en dit is vir ons genoeg.’ En Jesus sê vir hom: ‘Ek is al so lank by julle, en ken jy My nie, Filippus? Hy wat My gesien het, het die Vader gesien. Hoe kan jy dan sê: ‘Toon ons die Vader?’” (Johannes 14:8-9).

Ons mense moet alles oordeel volgens die WOORD van GOD.² “Wie My verwerp en nie my woorde aanneem nie, het een wat hom veroordeel: die woorde wat Ek gespreek het, sal hom oordeel in die laaste dag” (Johannes 12:48).

Wees altyd dankbaar teenoor GOD vir

alles wat jy het.³ Vra GOD om jou in te lig oor Homself. Sy Woord lig ons in oor hoe ons in die WOORD van GOD, die HEILIGE GEES, moet wandel, nie net op die sabbat nie, maar elke dag, want elke dag is die sabbat.⁴ Ons moet rus, sabbat, in die HERE altyd van ons ou, sondige gewoontes (Hebreërs 4:1-11).

My siel is op 'n heilige manier aan die brand vir die HEILIGE GEES. Dra mekaar se laste en vervul so die wet van Christus (Galasiërs 6:2). JESUS het vir die siekes gekom, nie vir die gesondes nie! JESUS het gesê: “Dié wat gesond is, het nie die geneesheer nodig nie, maar dié wat ongesteld is. Ek het nie gekom om regverdiges te roep nie, maar sondaars tot bekering” (Markus 2:17).

Die Katolieke glo daar is twee oordele waarvan die eerste suiwerend is. Dit is onwaar. Daar is geen suiwing nie!⁵

GOD se WOORD sê: “En net soos die mens bestem is om een maal te sterwe, en daarna kom die oordeel [een oordeel, geen reïnkarnasie nie]” (Hebreërs 9:27). Die ewige lewe is vir altyd. Katolieke is heeltemal te bygelowig en te kettters.

As ons weer gebore is, sondig ons nie, want hy wat sondig, is van die duiwel.⁶ “Wie aanhou sonde doen, behoort aan die duiwel, want die duiwel hou van die begin af aan met sondig” (1 Johannes 3:8). Ons is nie sondaars nie, maar die seuns van GOD, 'n nasie van konings en priesters! “Almal wat hulle deur die Gees van God laat lei, is kinders van God” (Romeine 8:14). “Julle daarenteen, is die uitverkore generasie, 'n koninklike priesterdom, 'n nasie wat vir God afgesonder is, die eiendomsvolk van God, die volk wat die verlossingsdade moet verkondig van

(Vervolg op bladsy 2)

¹ Joh. 8:19, 10:30, 38, 14:7-11, 20, 23, 15:24, 17:21 ² 1 Kor. 2:12-16, 6:1-4 ³ Ps. 100:4, Rom. 1:21, Ef. 5:2-5, 17-20, Kol. 1:10-13, 3:15-17, 1 Tess. 5:18, Heb. 13:15 ⁴ Matt. 11:28-30, Rom. 8:1-6, Heb. 4:9-10 ⁵ Matt. 25:31-46, Heb. 9:27, 10:26-29, Op. 20:12-15 ⁶ Rom. 6:1-4, Gal. 2:16-20, 1 Joh. 3:9

OM CHRISTUS IN JOU TE HÊ

(Vervolg vanaf bladsy 1)

Hom wat julle uit die duisternis geroep het na sy wonderbare lig” (1 Petrus 2:9).⁷

JESUS sê in Matteus 10:40: “Wie julle ontvang, ontvang My; en wie My ontvang, ontvang Hom wat My gestuur het.” JESUS sê, as jy My nie ontvang nie, Tony Alamo, wat presies verkondig wat die WOORD van GOD sê, ontvang jy nie vir JESUS nie, en jy ontvang nie die VADER nie. Te oordeel aan wat JESUS sê, is daar baie mense wat ons ontvang!

Mense sê valslik dat GOD Homself

nooit van mense wat Hom geken het, verwyder nie;⁸ maar daar is baie wat toegelaat het dat Satan hulle binnedringing en hulle gebruik.⁹ GOD se teenwoordigheid, SY GEES, het hulle verlaat en hulle “het nie besef dat die HERE hom [hul] verlaat het nie.”¹⁰

Goeie dinge gebeur met dié wat wag. “Deur julle volharding moet julle lewe in besit kry” (Lukas 21:19).

Waarom sê die Katolieke die Latynse taal is Heilig as die Bybel NIE deur Romeine geskryf is nie, maar deur diegene wat Hebreeus was, wat Hebreeus, Aramees en Helleense Grieks (wat die Grieks is wat deur die Jode gepraat is) gepraat het? Die Jode was die mense wat GOD gebruik het om die GEES te ontvang

om die Heilige Skrifte te skryf, glad nie die Romeine nie! Petrus was nooit ’n pous nie; hy was een van CHRISTUS se apostels, en ook ’n dissipel van CHRISTUS.¹¹ JESUS waarsku ons om weg te bly van valse profete en valse godsdienste.¹² “Pas op vir die vals profete. Hulle kom na julle toe in skaapsklere, maar in werklikheid is hulle verskeurende wolwe” (Matteus 7:15).

GOD het nooit gesê jy mag net met een vrou trou nie.¹³ Baie heiliges het meer as een vrou gehad.¹⁴ ’n Vrou mag slegs een man hê.¹⁵ GOD, CHRISTUS, veroordeel dit nooit nie, maar Hy veroordeel homoseksuele huwelike van dieselfde geslag en alle vorme van homoseksualiteit!¹⁶

(Vervolg op bladsy 4)

7 Op. 1:6, 5:10 8 Deut. 31:16-18, Jos. 24:20, 1 Sam. 15:16-28, 1 Kron. 28:9, Eseg. 33:12-13, Matt. 12:43-45, Luk. 9:62, Joh. 15:6, Kol. 1:21-23, 2 Tim. 2:12, Heb. 3:6-19, 4:1-11, 6:4-8, 10:25-31, 38-39, 2 Pet. 2:20-22, 2 Joh. 9, Jud. 5-6, Op. 2:4-5, 3:2-3 9 1 Sam. 15:11, 16:14, 28:7-19, 31:1-6, 1 Kon. 3:3-14, 9:1-9, 11:1-34, Matt. 10:1-4, 26:14-16, Joh. 13:1-2, 21-27, 18:1-5, 2 Pet. 2:18-22 10 Rig. 16:20 11 Matt. 10:2, Luk. 6:13-14, 1 Pet. 1:1, 2 Pet. 1:1 12 Matt. 16:6-12, 24:11, 24, Mark. 8:15-21, 12:38-40, 13:21-23, Luk. 12:1-2, 20:46-47, 2 Pet. 2:1 13 Eks. 21:10, Deut. 21:15-17, 25:5-6, Rig. 8:30, 12:8-9, 13-14, 2 Sam. 3:2-5, 5:13-16, 12:7-8, Jes. 4:1, Matt. 5:17, 1 Tim. 4:1-3 14 Gen. 16:1-3, 25:6, 29:20-29, 30:4, 9-10, Eks. 2:21, Num. 10:29, 12:1, Rig. 8:30-31, 1 Sam. 1:1-3, 25:39-44, 2 Sam. 3:2-5, 5:13, 15:16, 1 Kron. 1:32, 2:46-48, 14:3, 2 Kron. 13:21, 24:2-3, Hos. 1:2-3, 3:1-2 15 Lev. 20:10, Matt. 5:32, 19:3-9, Rom. 7:1-3, 1 Cor. 7:39 16 Gen. 19:1-13, 24-25, Lev. 18:22, 20:13, Deut. 23:17, Rig. 19:22-25, 1 Kon. 14:24, 15:11-12, Rom. 1:20-32, 1 Kor. 6:9-10, 1 Tim. 1:9-10, 2 Tim. 3:1-5, Jud. 7

BRIEWE AAN PASTOOR ALAMO

Zambië

Dienaars van God

Ek skryf uit waardering vir God vir wat Hy in die lewens van die mense doen deur jou literatuur, Godsmens; baie mense wat hierdie literatuur lees, gee hul lewens vir die Here Jesus Christus. Ander verhef hul geloof en prys God vir sulke seëninge. Ek staan steeds nederig teenoor die feit dat ek ’n evangelis geword het deur jou literatuur. Ek reik uit na mense met hierdie Woord van God. Nog meer, my eie huis het ’n sentrum geword waar mense toegang het tot die Woord van God. Ek staan nederig hierteenoor. Die Here stuur nog mense uit verskeie uithoeke van my verafgeleë dorp en ander naburige gebiede om hulle deel van die literatuur te kom haal om biddend en sorgsaam te versprei. Ek bid dat jy die besending van hierdie literatuur sal vermeerder sodat God ons meer kan gebruik om baie meer gebiede te bereik. Stuur asseblief vir ons nog temas sodat ons dieper en dieper kan gaan om hierdie edel opdrag uit te voer om baie siele met die evangelie te bereik, veral deur

jou literatuur, dienaars van God. Dit is my gebed dat ons die mees vergete hoeke van ons land met jou literatuur sal bereik soos ons hierdie wêreld evangeliseer. Stuur asseblief vir ons 3 000 kopieë van ’n verskeidenheid temas van literatuur. Stuur meer van “Droë Beendere”, “Moeilike Berg”, “Berei jouself voor”, “Die Pous se geheime” en “Pasop vir die Seëninge van die Vatikaan” om te lees.

Ons bid vir jou bedieninge sodat die goeie Vader jou meer en meer sal seën soos jy die hele wêreld met hierdie boodskap bereik. Ek belowe plegtig om hierdie woord te versprei sodat ek deel kan word van die groot opdrag.

Mag die goeie Vader jou meer en meer seën en jou verryk met ewige onsterflikheid soos jy Sy groot opdrag onder die son implementeer.

Mag God die werke van jou hande, bediening en al jou families seën. Met liefde in Christus
Chileshe Amos Muselema
Mpulungu, Zambië, Afrika

Texas

Liewe pastoor Tony Alamo

Ek is baie lief vir Christelike geestelike musiek. Dit is so geestelik. Ek hoop jy speel ’n rol in die herlewing wat die Here beplan het. Fantasties. Ek onthou ek het na jou en Susan op TV gekyk toe ek 12 of 15 was. Aangesien ons ses broers en susters was, moes ons almal dieselfde TV deel. Ek het julle vir omtrent 3 minute gesien en ek sal nooit die wonderlike gevoel vergeet wat ek gehad het toe ek na jou Christelike vertoning gekyk het nie.

Met liefde

Ysela

El Paso, Texas

Uganda

My siel is uit die duisternis gelig toe ek ’n kans gehad het om een van jou nuusbriewe by ’n vriend te kry. Dit het my lewe totaal verander. Ek het vir nog nuusbriewe gevra. Dit sal die begin wees van Ugandese om die mag van God te leer ken. Ek is gered en is lief vir God en wil Hom vir die res van my lewe dien.

God seën jou ryklik

Ochean Headreen

Kampala, Uganda, Afrika

Duitsland

Liewe broers en susters in Christus

Ek groet jul nederig in die kosbare naam van ons Here en Verlosser, Jesus die Christus. Ek het na jul webwerf gekyk en baie daarvan gehou. Ek sal baie bly wees as dit vir jul moontlik is om vir my van die Christelike materiaal (pamflette, nuusbriewe, *Messiah*-boeke, Bybels) te stuur om dit met my medemens te deel. Ek het altyd tronk toe gegaan en die mense daar besoek. Ek glo hulle gaan mal wees oor daardie leringe. Ek sal so dankbaar wees om van julle te hoor sodra julle my brief gekry het. Bly geseënd in die Here.

Andre J. Schön

Sankt Augustin, Duitsland

Skotland

Liewe Bediening

Julle het 'n wonderlike webwerf, 'n regte Protestante webwerf. Stuur asseblief vir my 'n Bybel en literatuur.

God is met julle

Mary

Glasgow, Skotland, V

Indië



Evangelis G. Prasanth Henry en gemeentelede, verspreiders van Pastoor Alamo se nuusbriewe in Andhra Pradesh, Indië

Liewe, geliefde Godsmens

Warm, hartlike groete aan jou en al die geliefde lede van Tony Alamo Christelike Bediening in die kosbare naam van ons Here en Verlosser Jesus Christus!

Ek hoop jy ontvang die foto's van literatuurverspreiding; jou literatuur is baie nuttig vir my in my evangelisasieveld. Dit is 'n baie magtige wapen om die siele vir Christus te wen. Ek vra jou om asseblief voort te gaan om die literatuur gereeld te stuur vir die vestiging van die Here se koninkryk in hierdie heidenland.

Ons bid vir jou, vir al jou personeel, families, en vir al die pogings wat jy aanwend vir die opbouing van die Here se koninkryk op hierdie aarde deur Tony Alamo Christelike Bediening. Ons sien uit daarna om binnekort van jou te hoor. Jou biddende, bemoedigende antwoord sal ons krag gee om meer doeltreffend vir Sy glorie te werk.

By voorbaat dankie.

Met liefde in Sy diens

Evangelis G. Prasanth Henry

Harvest Indië Bediening

Wes-Godavari Distrik, Andhra Pradesh, Indië

Pakistan

Liewe pastoor Tony Alamo

Prys God vir hierdie wonderlike werk wat jy doen. Ek het jou boodskappe deur die pos ontvang. Ek is altyd baie, baie bly om dit te kry en put geestelike wysheid en geestelike groei daaruit. Ek het alreeds hierdie boodskappe met party van my vriende gedeel en hulle is baie bly en stel belang om die lewende Woord van God te versprei. Stuur asseblief elke maand nog literatuur asook jou boek, *The Messiah*. Bid asseblief vir my en my vriende terwyl ons hierdie boodskappe met ander verlore siele deel. God seën ons almal.

Weereens dankie, pastoor Tony Alamo, vir die boodskappe wat jy vir my gestuur het.

M.M.

Karachi, Sindh, Pakistan

Peru

(Vertaal uit Spaans)

Broer

Ek het jou kassetboodskappe ontvang. Dit is 'n groot seën. Stuur asseblief vir my nog Bybelmateriaal. Ek het nog Bybels en *Messiah*-boeke nodig en al die literatuur wat jy het, want dit is 'n groot seën vir ons. God seën jou.

Broeders, stuur nog van jul materiaal. Moenie vergeet van my persoonlike versoek vir die Bybelstudies nie. Ons wen baie siele vir Christus. Ons bid dat jy ons eendag hier in Peru sal kom besoek. God seën julle, broeders.

Andres Chiroque Silva

Sullana, Peru



ALAMO BEDIENINGS AANLYN
www.alamoministries.com

OM CHRISTUS IN JOU TE HÊ

(Vervolg vanaf bladsy 2)

JESUS is die WOORD van GOD (Johannes 1:1, 14). Om JESUS te ken is om die WOORD van GOD te ken. JESUS, die Woord, is ook die HEILIGE GEES en die Ewige Lewe. Om die Ewige Lewe in jou te hê, moet CHRISTUS, deur die GEES, in jou wees. Doen hierdie gebed sodat dit met jou kan gebeur:

My HERE en my GOD, wees my, sondaar, genadig.¹⁷ Ek glo dat JESUS CHRISTUS die SEUN van die lewende GOD is.¹⁸ Ek glo dat HY dood is aan die kruis en SY kosbare bloed uitgestort het vir die vergifnis van al my vorige sondes.¹⁹ Ek glo dat GOD JESUS uit die dode opgewek het deur die krag van die HEILIGE GEES,²⁰ en dat HY op hierdie oomblik aan die regterhand van GOD sit en luister na my belydenis van sonde en hierdie gebed.²¹ Ek maak die deur van my hart oop en ek nooi U in my hart in, HERE JESUS.²² Was

al my vuil sondes weg in die kosbare bloed wat U in my plek gestort het aan die kruis by Golgota.²³ U sal my nie wegwys nie, HERE JESUS; U sal my sondes vergeef en my siel red. Ek weet, want U WOORD, die Bybel, sê so.²⁴ U Woord sê dat U niemand sal wegwys nie en ek weet — dit sluit my in.²⁵ Daarom weet ek dat U my gehoor het en ek weet dat U my geantwoord het en ek weet dat ek gered is.²⁶ Ek dank U, HERE JESUS, dat U my siel red en ek sal my dankbaarheid toon deur te doen soos U beveel en nie meer te sondig nie.²⁷

Na redding, het Jesus gesê, moet ons gedoop word, ten volle onderdompel in water in die Naam van die VADER en die SEUN en die HEILIGE GEES.²⁸ Bestudeer die 1953-vertaling van die Afrikaanse Bybel [die King James-weergawe] en wees gehoorsaam.²⁹

Die Here wil hê dat jy almal van jou redding vertel. Jy kan hê verspreider word van pastoor Tony Alamo se evangeliese literatuur. Ons sal die literatuur kostevry aan jou stuur. Skakel of e-pos ons vir meer inligting. Deel die boodskap met iemand anders.

As jy wil hê die wêreld moet gered word, soos wat JESUS beveel, moet dan nie vir GOD beroof van SY tiendes en offerhandes nie. GOD het gesê, “Sal h mens werklik vir GOD beroof? Tog beroof julle MY. Julle vra: ‘Waarvan beroof ons U?’ Van tiendes en offergawes. Daar rus alreeds h vloek op julle en tog bly julle MY beroof; die hele nasie [en die hele wêreld] doen dit. Bring die volle tiende [h tiende is 10% van jou bruto inkomste] na die voorraadkamer toe sodat daar iets te ete kan wees [geestelike kos] in MY huis [siele gered kan word], en toets MY hierin, so sê die HERE, DIE ALMAGTIGE. Toets MY of EK nie die vensters van die hemel vir julle sal oopmaak en vir julle seëninge sal uitgiet, meer as wat julle kan gebruik nie. EK sal die sprinkane keer sodat hulle nie die opbrengs van julle grond sal verwoes nie, en dat julle wingerde nie sonder vrugte sal wees nie, so sê die HERE, DIE ALMAGTIGE. Dan sal al die nasies julle as gelukkige mense beskou; julle sal in h begeerlike land woon, so sê die HERE VAN DIE LEËRSKARE” (Mal.3:8-12).

17 Ps. 51:5, Rom. 3:10-12, 23 **18** Matt. 26:63-64, 27:54, Luk. 1:30-33, Joh. 9:35-37, Rom. 1:3-4 **19** Hand. 4:12, 20:28, Rom. 3:25, 1 Joh. 1:7, Op. 5:9 **20** Ps. 16:9-10, Matt. 28:5-7, Mark. 16:9, 12, 14, Joh. 2:19, 21, 10:17-18, 11:25, Hand. 2:24, 3:15, Rom. 8:11, 1 Kor. 15:3-7 **21** Luk. 22:69, Hand. 2:25-36, Heb. 10:12-13 **22** 1 Kor. 3:16, Op. 3:20 **23** Ef. 2:13-22, Heb. 9:22, 13:12, 20-21, 1 Joh. 1:7, Op. 1:5, 7:14 **24** Matt. 26:28, Hand. 2:21, 4:12, Ef. 1:7, Kol. 1:14 **25** Matt. 21:22, Joh. 6:35, 37-40, Rom. 10:13 **26** Heb. 11:6 **27** Joh. 5:14, 8:11, Rom. 6:4, 1 Kor. 15:10, Op. 7:14, 22:14 **28** Matt. 28:18-20, Joh. 3:5, Hand. 2:38, 19:3-5 **29** Deut. 4:29, 13:4, 26:16, Jos. 1:8, 22:5, 2 Tim. 2:15, 3:14-17, Jak. 1:22-25, Op. 3:18

Kontak ons asseblief vir inligting of literatuur oor ander onderwerpe wat interessant mag wees.

Tony Alamo, World Pastor, Tony Alamo Christian Ministries Worldwide • P.O. Box 2984, Hollywood, CA 90078 USA

24 uur gebeds- en inligtingslyn: (661) 252-5686 • Faks. (661) 252-4362

www.alamoministries.com • info@alamoministries.com

Tony Alamo Christelike Ministeries wêreldwyd verskaf woonplek met alle lewensnoodsaaklikhede aan almal wat werklik die

Here wil dien met hul hele hart, siel, verstand en krag, in ons VSA-gebiede.

Dienste word elke Dinsdagaand om 20:00 in die stad, New York, en ander plekke gehou.

Skakel asseblief (908) 937 5723 vir inligting. ETES WORD BEDIEN NA ELKE DIENS.

Vra vir Pastoor Alamo se boek, *The Messiah*, wat aandui hoedat CHRISTUS

in die Ou Testament geopenbaar word deur 333 profesieë.

Word h werker in die oes van siele deur h verspreider van Pastoor Alamo se literatuur te word.

Al ons literatuur en oudioboodsappe is gratis, en sluit versending in.

As enigiemand poog om jou daarvoor te laat betaal, maak asseblief h kollekteeroproep na (661) 252 5686.

HIERDIE LITERATUUR VERKONDIG DIE WARE PLAN VAN VERLOSSING (Hand. 4:12).

MOET DIT NIE WEGGOOI NIE, GEE DIT VIR IEMAND ANDERS.

Indien u in 'n ander land woon, moedig ons u aan om die literatuur in u moedertaal te vertaal. As u dit herdruk,

sluit asseblief die kopiereg en registrasie in:

© Kopiereg April 2011, 2014 Alle regte voorbehou World Pastor Tony Alamo © Geregistreer April 2011, 2014

AFRIKAANS—VOLUME 12700—TO HAVE CHRIST IN YOU